# LAERSKOOL LYDENBURG

Tel: (013) 235 2077 / 235 2079
E-pos: ontvangs@lydlaer.co.za
admin@lydlaer.co.za

Posbus /P.O Box 5
Lydenburg, 1120


Omsendbrief 38 van 2022

08 Desember 2022

Geagte Ouers

1. **SKOOLGELD**

   Baie dankie aan al die ouers wat gereeld hul skoolfonds betaal het in 2022. Maak asseblief seker dat u rekening reeds ten volle vereffen is teen Vrydag, 09 Desember 2022 om optrede deur die prokureurs van die skool te vermy.

   Die kassier sal oop wees vanaf 07:00 tot 9:00 op Vrydag, 09 Desember 2022.

   **Skoolgeld vir 2023 is as volg:** **Graad R - R1 260 x 11**
   **Graad 1 – 7 - R1 100 x 11**

2. **RAPPORTE**

   **Rapporte kan op Vrydag, 9 Desember 2022, tussen 7:00 en 8:00 afgehaal word by die klasonderwysers.**

3. **PERSONEEL**

   Baie sterkte aan die volgende personeel wat ons aan die einde van die jaar verlaat:
   Kalinka Niemand
   Marinda Niemann
   Lynette Oosthuizen
   Zané Greyvenstein (Beeken)
   Odette du Preez
   Baie dankie vir julle harde werk en seën op julle pad vorentoe.

4. **KWARTAALPROGRAM**

   Die voorlopige kwartaal 1 program sal op 9 Desember 2022 uitgegee word.

5. **GRAAD R–3**

   Die Graad R-3 moet op 10 Januarie tussen 15:00 en 18:00 uur hulle klassies kom besigtig asook hulle nuwe juffrou ontmoet. Hulle kom in gewone klere. Leerlinge moet asseblief hulle skryfbehoeftes saambring sodat hulle Woensdag onmiddellik aan die werk kan spring. Die klasindelings sal op die 10de Januarie 2023, op die groepe geplaas word.

6. **GRAAD 4-7**

Die Graad 4-7 leerlinge plaas hulle tasse op die stoepe voor die voogklas van 2022. Gr.4-7 leerders het saalopening wanneer die skool open om 7:25.

7. **NUWE VAK IN 2023**

Robotika en Kodering word as 'n nuwe vak in 2023 aangebied. Dit sal tydens die inligtingsaande bespreek word.

Kersgroete

**MNR. C.J LEMMER**
**HOOF**

